SKRYWERS & LETTERKUNDE

ONDER REDAKSIE VAN KOOS PRINSLOO

DALENE MATTHEE
HAAR EIE MENS

Dalene Matthee is so slim soos die houtjie van die galg, sonder dat sy ooit 'n graad in kriminologie op universiteit gaan loop het. Sonder dat sy selfs op universiteit wás — of wóú wees. Soos Araminta in haar jongste roman, Brug van die esels, *het Dalene Matthee nog altyd haar "eie weet" gesoek. En hom gekry ook, skryf ANNARI VAN DER MERWE.*

Foto: ANNARI VAN DER MERWE

VAN hoe ver en hoe diep Dalene Matthee na haar "eie weet" gesoek het, getuig haar lêers vol aantekeninge en bokse vol "bêregoed" en die twee groot boekrakke — een in die voorkamer en een in die agterkamer, elkeen met sy afdelings *classics*, Afrikaanse literatuur, *natural history* (onderste rak), metafisika (regs) en *fairy*-boeke, só georden dat sy enige boek in die middel van die nag kan raakvat. Een van haar kosbaarste besittings is die lewenslange toegangskaart wat sy tot die British Library in Londen het, want dáár soek sy graag.

Soek kán Dalene. Deeglik en met toewyding. Sy huiwer nie om op 'n vliegtuig te klim en haar stof ver bymekaar te gaan maak nie. Vir *Moerbeibos* is sy Italië toe; vir *Brug van die esels* was dit Londen. En Kimberley, maar soontoe is sy pad langs.

Sy sit maklik weke en maande in 'n argief en grawe agter feite aan. "Miskien is daar iets sielkundigs met my verkeerd," opper sy 'n onwaarskynlike moontlikheid, "maar ek kon nog nooit iets binne 'n groep doen nie. Ek moet my ding alleen doen."

En op haar eie manier. Wyn, sterk drank en kraanwater is uit. Haar drinkwater kom uit 'n berg waar sy dit self by 'n stroom gaan skep. Af en toe drink sy 'n spesiale biertjie. Uit 'n wynglas. Margarien is ook uit, want sy eet net "regte" kos — regte botter en regte melk. Baie vrugte en verkieslik rou groente. Niks uit 'n mikrogolfoond nie.

Aan een ding is Dalene verslaaf: vars lug. Sy kan nie met 'n toe venster slaap nie. Sy kan nie met 'n toe venster werk nie.

Toe sy 'n paar verstellings aan die manuskrip van *Brug van die esels* by haar uitgewers in die Kaap moes gaan doen, was daar geen ander genade nie. Die groot vierkantige venster van die kantoor, wat net in geval van brand en moord met 'n spesiale soort skroewedraaier oopgemaneuvreer kan word, moes oop. So oop dat daar genoeg van 'n trek kon wees dat sy nie van die ou lug in die gebou en die rook van die sigaret wat sy op sulke spanningsvolle oomblikke aansteek, vergiftig kan word nie.

Die redaksielid wie se kantoor Dalene geleen het, was tydens die besoek uitstedig. Toe sy die volgende Maandag daar instap, sou dit net sowel 'n bakkrans teen Tafelberg kon wees. 'n Skoonmaker drafstap binne. Die venster het gedurende die naweek so wyd soos die poorte van die verderf oopgewaai, vertel sy uitasem. Kyk, hy staan nog steeds op 'n skreef! Sy't hom netnou probeer toedruk, maar jy't 'n spesiale *tool* nodig.

Die redaksielid kyk by die venster uit. Die straat onder lê besaai met triestige A4-velle. Natgereën, snuif gery.

(By Tafelberg probeer hulle nou nog vasstel watter waardevolle manuskrip by die venster uitgewarrel en in die rioolstelsel beland het.)

Om Dalene Matthee net hálfpad te kan verstaan, kos iemand wat fyn kan onderskei of haar tong in haar kies is of nie. Want ná *Kringe in 'n bos* en *Fiela se kind* haar in die ongenadige kalklig gestoot het, het sy baie plannetjies aangeleer om te verhoed dat sy in die noute kom. Noodgedwonge, want agter die spitsvondigheid en vinnige antwoord skuil 'n baie private mens wat voor enige onderhoud of optrede 'n angstige skietgebed opstuur en 'n tiental druppels *Rescue Remedy* (van blomme gemaak) afsluk.

Maar nood leer plan maak, en Dalene het 'n baie doeltreffende manier om persoonlike vrae af te weer. Hoe gretiger mense is om meer van haar te wete te kom, hoe gouer kry sy húlle aan die gesels.

Soos die keer toe daar geen televisie-ateljee in Kaapstad beskikbaar was nie, buiten die een in die Parlementsgebou. Sterk manne moes al in daardie stoel sit en sweet, waar die vraag deur oorfone kom en jy

Regs: Dalene Matthee... 'n natuurmens wat met die bome gesels en dié see gelukwens.

sommerso in die eter moet antwoord. Bowendien duur dit lank voor alles aangesluit en ingestel is. Baie tyd om jou al sittende in 'n senutoestand in te werk; boonop 'n gulde geleentheid vir die *backroom boys* en *girls* om Dalene, op die oog af die gemoedelikheid self, uit te vra.

Moenie glo nie. Teen die tyd dat die rooi lig aankom, toe weet Dalene: Pik Botha is die gemaklikste voor die kameras; Stoffel van der Merwe is die bedagsaamheid self. Koos van der Merwe sorg vir 'n verrassing, en Zach de Beer is 'n ware *gentleman*. Niks nuuts nie, maar Dalene het die vrae gevra, en die tegnici wat gewoonlik gesien maar nie gehoor word nie, het geblom onder die aandag wat húlle 'n slag gekry het.

Eintlik sou sy dié dag liewer op haar knieë in haar voortuin op Hartenbos wou gestaan en met haar spesiale vergrootglas na die kleinste blommetjies gekyk het. Sy pluk nie, sy kyk net. En sy luister na die natuur. Jy sit nog ewe rustig en tee drink, dan stuur sy skielik 'n kind of die huishulp om die rondloperkat uit die heining te gaan verwilder. Hoe't sy geweet daar's 'n kat?

Sy kyk jou verwonderd aan: Het jy dan nie die janfrederik se benoude geroep gehoor nie? Hulle't 'n nes in die deurmekaarbosheining by die hek.

'n Rooiwangmuisvoël broei in die perdestertbos, 'n kwikkie in die varing in die binnehof. By die voordeur klou 'n swaelnes aan die oorhang van die dak, en as vergoeding kry die laksman 'n hopie kaas elke keer dat hy 'n slang op die werf verklik. Die mossies en die spreeus word voor die agterdeur gevoer; struike met geel en rooi blommetjies is vir die suikerbekkies aangeplant, struike met wit blommetjies vir die skoenlappers.

Met die see het Dalene 'n intieme verstandhouding. "Ek bly aan hierdie baai omdat dit vir my die mooiste baai in die hele wêreld is," sê sy.

So gaan haal die vorige grootbaas van die uitgewery op 'n dag 'n manuskrip by haar. Omdat sy nie afskrifte van haar werk hou nie, en boonop die gewoonte het om manuskripte te pos sonder om hulle te verseker, is dit die veiligste so. Dis 'n skaam man, en dié dag was hy nie heeltemal seker hoe om een van sy uitgewery se grootste bates te hanteer nie. Soos die duiwel dit wou hê, kom hy op die see se verjaardag daar aan.

"Dag," sê Dalene. "Daar's nie nou tyd vir tee nie."

Hulle moes eers die see gaan gelukwens, want dis September se springgety.

Die grootbaas dag hy hoor verkeerd, maar nee, Dalene trek die voordeur agter hulle dig en stryk aan see toe. Langs die pad gesels sy so 'n bietjie met dié hond en met daardie brak en kort voor lank staan hulle op die voorste duin.

Die grootbaas sluk en prewel iets.

"Die see kan nie goed hoor nie, jy moet hard praat," sê Dalene met 'n suikersoet glimlaggie.

Die grootbaas kyk na die sanduine waar daar geen hulp vandaan kom nie. Toe skep hy asem en sê die groot woord.

Eers weer in die Kaap het Danie van Niekerk sy stem behoorlik teruggekry. En toe kon hy nie uitgesels kom nie oor sy besoek aan Hartenbos waar 'n kwikstertjie onder die kuier ongeërg kom rafels torring uit 'n tafelkleedjie, terwyl meer as tagtig versamelaarsteddiebere (haar dogter s'n) jou in die glasoog hou.

Dit is nie net die see wat aangespreek kan word nie. Dalene het my geleer om met bome te praat.

In 1986 is ek in Skotland, en toevallig in die omgewing van Shakespeare se "Great Birnam wood". Min of meer waar ons die nag slaap, reken ek uit, het Malcolm die opdrag gegee: "Let every soldier hew him down a bough and bear't before him," sodat die hekse se voorspelling aan Macbeth bewaarheid kon word: "Fear not, till Birnam wood do come to Dunsinane."

Dalene sal dit waardeer, dink ek toe, as ek haar groete aan die enigste oorblywende eikeboom in die eens magtige Birnam-woud gaan oordra. Want daar is nog net een enkele oerboom oor.

Voor die ander roer, sluip ek die volgende oggend die hotel uit en die erg uitgedunde woud in. Teen die tyd dat ek afkom op die eeue-oue bosreus, nou erg afgeleef en mankoliek en net nog met stutte regop gehou, begin ek twyfel. Maar soos Macbeth is ek nou so diep in die ding dat ek gerus maar kan deurdruk. Ek groet die boom hard en duidelik. In Engels.

Ek kan nie wag om Dalene te vertel nie. Sy luister my uit. "Hoe't jy begin?" vra sy. Ek herhaal my aanvangswoorde. Sy skud haar kop spytig.

Toe eers onthou ek. Ek moes gesê het: "Ek sien jou, ek groet jou."

Dalene is bekommerd oor die bos wat sy beroemd gemaak het en wat háár beroemd gemaak het. "Hulle gaan hom tóg vernietig," sê sy. "Elke jaar word die stapels, die tonne hout wat diep in die bos gekap word vir die jaarlikse houtveilings, groter en groter. Die bos word nog steeds vir geld verpand."

Soos *Kringe in 'n bos*, is geld ook die wortel van die kwaad in *Brug van die esels*, 'n roman wat skielik viervoet in ons eie tyd staan, maar waarin ook teruggespeur word — van die muur van apartheid tot by Van Riebeeck en sy Kompanjiestuin — om te wys hoe die bars van die geldmag deur alles loop.

Dit gaan hier nie alleen oor die onherstelbare skade wat die mens die natuur en sy ewemens aandoen nie, maar ook oor 'n skrywer se verbete soeke na wat Afrika van sy wit kinders verwag.

En as dit 'n paar onwettige blink klippies kos om by die antwoord uit te kom, *so be it*. En as Araminta tussendeur met 'n berg moet praat, *even better*. ❑

DALENE IS BEKOMMERD *oor die bos*

wat sy beroemd gemaak het en wat háár beroemd gemaak het. "Hulle gaan hom tóg vernietig," sê sy.